


STAP VIR STAP AANSOEKPROSES VIR VOORGRAADSE AANSOEKERS



► STAP 1: Verken jou opsies

1. Besoek **wat kan ek studeer** op www.maties.com om op te lees oor al die programme wat by die Universiteit Stellenbosch aangebied word.
2. Maak seker dat jy die Universiteit se Toelatingsbeleid en die toelatings- en keuringskriteria van die verskillende fakulteite verstaan. Ongelukkig kan ons slegs 'n beperkte aantal studente aanvaar. Alhoewel jy aan die toelatingsvereistes van 'n program voldoen, waarborg dit nie dat jy toelating tot die program van jou keuse gaan kry nie. Die beleid, kriteria en riglyne is beskikbaar by www.maties.com onder die opskrif **toelatings- en keuringsvereistes**.
3. Raak ook vertrouwd met die Universiteit se **toelatingsbeleid**.

► STAP 2: Neem kennis van die sluitingsdatums

1 Maart: Aansoeke maak oop vir alle programme.

1 April: Aansoeke maak oop vir finansiële bystand aan die Universiteit Stellenbosch.

30 Junie: Aansoeke sluit vir alle voorgraadse programme.

30 Junie: Koshuisaansoeke sluit.

1 Augustus: Aansoeker vir NSFAS beurse maak oop

31 Augustus: Aansoeke vir finansiële ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch sluit.

30 November: Aansoeke vir NSFAS beurse sluit.

15 Desember: Diploma in Openbare Verantwoordelikheid (Telematiese Onderwys) sluit.

Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

► STAP 3: Kies jou program

1. Vir 'n aansoek na die Universiteit Stellenbosch, kan jy 'n eerste, tweede en derde programkeuse aandui. Die rede waarom jy drie programme kan aandui, is omdat daar programme is met uitgebreide keuringskriteria en jy dalk nie vir jou eerste keuse gekeur kan word nie, maar wel vir jou tweede of derde.
2. Jy kan egter net vir een program op 'n slag toegelaat word. Indien jy eerste toegelaat word vir jou tweede keuse en jou eerste keuse word daarna heroorweeg, sal die tweede keuse verval sodra jy vir jou eerste keuse toegelaat word.
3. As jy liever sou wou voortgaan met jou tweede (of derde) keuse moet jy ons teen die einde van September by info@sun.ac.za laat weet. Die aanbod wat jy van die hand wys, sal verval. Na September sal jou versoek om te verander slegs oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.
4. Al ons programme het keuringsvereistes, maar die volgende programme het almal **uitgebreide keuringsprosesse**: Alle programme in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Regsgeleerdheid, Ingenieurswese; BA (Visuele Kunste); BA (Drama); alle programme in Musiek; BA (Sportwetenskap); BSc (Sportwetenskap); BEd (AlgOnd); BCom (Aktuariële Wetenskap) en BCom (Internasionale Besigheid).
 - 4.1 Indien jou eerste programkeuse een van hierdie **streng keuringsprogramme** is, beveel ons aan dat jy 'n tweede keuse ook aandui. Indien jou eerste- en tweede keuse uit die lys van bogenoemde programme is, stel ons voor dat jy ook 'n derde keuse aandui wat nie uit hierdie lys kom nie.
 - 4.2 As jy van program wil verander, stuur 'n e-pos aan info@sun.ac.za met jou versoek. Onthou asseblief dat, na die sluitingsdatum, jy net oorweeg kan word as daar nog plek in die betrokke program beskikbaar is.
5. Om jou te help om jou programkeuse in die regte volgorde te plaas, neem ook die volgende in ag:

Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die fakulteit sal slegs jou programkeuse oorweeg indien dit as jou eerste keuse aangedui word.

Opvoedkunde

Die fakulteit sal slegs jou programkeuse oorweeg indien dit as jou eerste keuse aangedui word.

Regsprogramme

- Keuring vir die programme BA (Regsgeleerdheid) en BCom (Regsgeleerdheid) sal slegs oorweeg word indien dit jou eerste keuse is.
- Die voorgraadse, vierjarige LLB-program sal as eerste of tweede keuse op jou aansoek oorweeg word.

Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sal net aansoeke vir eerste of tweede keuses oorweeg.

- Derde keuses sal slegs oorweeg word as die eerste twee keuses uit die lys keuringsprogramme hierbo is.
- BA Sportwetenskappe sal net eerste en tweede keuses oorweeg word.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)

- Hierdie fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg. Indien jy meer as een EBW-program op jou lys het, sal alle EBW-keuses in jou voorkeur volgorde oorweeg word.
- BCom (Internasionale Besigheid), BCom (Aktuariële Wetenskap), en BCom (Regsgeleerdheid) sal slegs oorweeg word indien dit jou eerste keuse is.

AgriWetenskappe

Hierdie fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg met die uitsondering van BSc Voedselwetenskap en BScAgric (Veekunde), of 'n program waar Voedselwetenskap of Veekunde as vakgebied aangebied word. Vir sulke programme sal slegs eerste en tweede programkeuses oorweeg word.

Natuurwetenskappe

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg. Die programme BSc (Menslike Lewenswetenskappe), BSc (Molekulêre Biologie en Biotegnologie en BSc Sportwetenskap, sal egter slegs as derde keuse-aansoeke oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.

Ingenieurswese

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste, tweede of derde keuse oorweeg. Jy kan vir meer as een program in BIng aansoek doen, bv. BIng (Siviël) as eerste keuse en BIng (Bedryfs) as tweede keuse, omdat die programme se keuringskriteria mag verskil.

Teologie

Hierdie fakulteit sal jou aansoek vir een van hulle programme as 'n eerste en tweede keuse oorweeg en sal slegs as derde keuse oorweeg word indien daar plek beskikbaar is.

► STAP 4: Voltooi jou aansoek

1. Elektroniese/Aanlynaansoeke

- 1.1 Om die **aanlynaansoek** op www.maties.com te gebruik, moet jy oor 'n geldige e-pos adres en selfoonnommer beskik. Korrespondensie sal aan die e-pos adres en sms'e aan die selfoon gestuur word.
- 1.2 Sodra jy geregistreer het vir jou aanlyn aansoek, sal jy 'n **gebruikersnaam (studentenommer) en 'n 8-syfer wagwoord** ontvang sodat jy met jou aansoek kan voortgaan.
- 1.3 Ten einde jou aansoek te voltooi, moet alle verpligte skerms (gemerk in rooi as 'Uitstaande') voltooi word. Die 'dien aansoek in' blokkie sal slegs beskikbaar wees nadat ALLE verpligte skerms voltooi is ('n groen 'Voltooi' blokkie word vertoon).
- 1.4 Maak asseblief seker dat alle inligting wat jy verskaf korrek is. Indien die inligting nie korrek is nie, behou die Universiteit hom die reg voor om jou aansoek nie te aanvaar nie of jou registrasie onmiddellik te kanselleer.
- 1.5 Indien jy nie die aansoek in een sessie of eenmalig kon voltooi nie, sal data nie verlore gaan nie en kan die aansoek op 'n latere stadium voor die sluitingsdatum voltooi word.
- 1.6 Nadat jy al die verpligte velde voltooi het, klik op die 'dien aansoek in' blokkie.
- 1.7 Jy sal nou jou **amptelike SUN-wagwoord** ontvang saam met jou gegewe gebruikersnaam (jou studentenommer) om toegang te verkry tot **jou aansoekstatus** waar jy jou dokumente oplaai en jou aansoek kan monitor.
- 1.8 **Om jou aansoek af te handel** moet al die korrekte aansoekdokumente opgelaaai word voor die sluitingsdatum. Jou aansoek sal slegs geprosesseer word nadat jou aansoek afgehandel was. Jou aansoek kan nie oorweeg word indien ons nie al die ondersteunende dokumente voor die sluitingsdatum ontvang het nie.
- 1.9 Om 'n volledige aansoek in te dien wat aan die minimum vereistes voldoen, waarborg nie vir jou 'n plek in die program nie.

2. Hardekopie aansoek:

- 2.1 Ons beveel sterk aan dat jy aanlyn aansoek doen, maar as jy nie internettoegang het nie, kan jy 'n harde kopie aansoek by ons Kliëntediens bekom deur te skakel na 021 808 9111 of 'n e-pos te stuur na info@sun.ac.za.
- 2.2 Indien jy 'n harde kopie aansoek invul, maak seker jy voltooi al die velde op jou van toepassing en dat jy al die nodige dokumente saam met jou aansoekvorm instuur. Ons kan nie jou aansoek oorweeg as ons nie al die regte inligting het nie. Jou aansoekvorm en ondersteunende dokumente moet ons teen die sluitingsdatum bereik.

2.3 Moet asseblief nie beide met die harde kopie vorm en aanlyn aansoek doen nie. As ons al twee soorte aansoeke van jou ontvang, kan ons slegs die elektroniese aansoek aanvaar as die bedoelde een.

► STAP 5: Maak seker jy laai al die vereiste dokumente op

JOU AANSOEKDOKUMENTE



1. Gesertifiseerde kopieë van die oorspronklike dokumente, soos hieronder gespesifiseer, moet voorsien word:
 - 1.1 Kopieë van jou oorspronklike akademiese dokumente, wat deur die skool, toekenningsinstansie, notaris of 'n kommissaris van ede (bv. prokureur of diplomatieke amptenaar) gestempel en onderteken is, moet voorsien word. Indien jy na 'n polisiekantoor of die Poskantoor gaan, moet 'n Kommissaris van Ede jou dokumente sertifiseer. Geen polisie- of poskantoorstempels sal aanvaar word nie.
 - 1.2 Geen elektroniese resultate wat vanaf 'n 'selfhelp portaal' verkry was of deur 'n wagwoord beskerm word, sal aanvaar word nie.
 - 1.3 Elektroniese kopieë wat jy voorsien, moet duidelik en leesbaar wees (nie geklad, afgesny, of onduidelik nie). Die voorkeur-formaat is pdf of jpeg.
2. Die Universiteit Stellenbosch behou hom die reg voor om oorspronklike en/of addisionele ondersteunende dokumentasie aan te vra indien dit op enige stadium nodig geag sou word.
3. Jy kan jou getekende kontrak, die vereiste aansoekdokumente (bv. jou graad 11-resultate), sowel as jou bewys van betaling voor die sluitingsdatum op [jou aansoekstatus](#) by www.maties.com oplaai. Indien jy met 'n hardekopie aansoek doen, moet alle die dokumente ingesluit wees by die aansoek wat jy voor die sluitingsdatum indien.
4. Indien ons nie alle dokumente teen die sluitingsdatum ontvang nie, sal jou aansoek ongelukkig nie oorweeg word nie.
5. Dit bly jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die Universiteit al die dokumente betyds ontvang. Jy kan jou aansoek op [jou aansoekstatus](#) by www.maties.com volg en seker maak dat jou aansoek volledig is. Gebruik jou gebruikersnaam (studentenommer) en amptelike SUN-wagwoord om aan te teken.

NIE-AKADEMIESE DOKUMENTE WAT ONS BENODIG

Alle dokumente is beskikbaar op die Voornemende Voorgraadse Studente webwerf (www.maties.com)

1. Ondertekende kontrak (druk asseblief uit, teken en laai dan op). **Geen elektroniese handtekening word aanvaar.**

2. Bewys van permanente verblyfreg of vlugtelingstatus (nie van toepassing op Suid-Afrikaanse burgers nie)
3. Studentesteeunvorm (studente met gestremdhede wat ondersteuning nodig)
4. Addisionele fakulteitspesifieke dokumente (Indien van toepassing):
 - BA (Sportwetenskap) en BSc (Sportwetenskap) nie-akademiese vorm
 - Spraak- Taal- en Gehoor terapie, sowel as Dieetkunde besoekvorm
 - Portfolio vereistes vir BA (Visuele Kunste)
 - Keuringsvorm vir BA Drama en Teaterstudies
5. Bewys van betaling (R100 nie-terugbetaalbare aansoekgeld)
 - Slegs SA burgers
 - Nie van toepassing op aansoekers van kwantiel 1 tot 3 skole nie. Kwantiele 1 tot 3 skole is skole wat deur die Departement van Basiese Onderwys geïdentifiseer word as skole in minderbevoorregte omgewings.
 - Aansoekgeld kan ook persoonlik by die Universiteit se kassiere in die Administrasiegebou A (Stellenbosch kampus) betaal word of op die eerste vloer van die Kliniese Gebou op Tygerbergkampus.
 - Lees Meer oor [betaling opsies](http://www.maties.com) by www.maties.com of kontak ons Kliëntedienssentrum by +27 21 808 9111 of info@sun.ac.za.

AKADEMIESE DOKUMENTE WAT ONS BENODIG

Tans in finale skooljaar:

Suid-Afrikaanse skoolstelsel: Finale graad 11-uitslae

Internasionale skoolstelsel: Graad 11-uitslae, sowel as 'n lys van finalejaar-skoolvakke met vlakke. Let ook op die volgende: Indien jy in 'n buitelandse (internasionale) skoolstelsel ingeskryf is, byvoorbeeld International Baccalaureate (IB) of 'n VSA-hoërskooldiploma, moet jy aansoek doen aan die hand van die graad 11-uitslae (voorfinale jaar). Jy moet ook 'n lys vakke verskaf wat in die finale skooljaar (graad 12/13) geneem word met vlakke vir die vakke en verwagte resultate per vak (bevestig deur die skool). Indien jy egter die Cambridge-stelsel volg hoef jy nie die verwagte resultate vir jou finaleskooljaarvakke te verskaf nie. Jy moet steeds 'n lys vakke verskaf en aandui op watter vlak jy dit neem in jou finale jaar vir vrystelling doeleindes. Om seker te maak jy voldoen aan die vereistes vir matriekvrystelling, besoek gerus *Universities South Africa* (USAf) se webblad <http://mb.usaf.ac.za/> vir meer inligting oor matriekvrystelling.

Voltooide finale skooljaar:

Suid-Afrikaanse skoolstelsel: Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of IEB / Uitslagadvies

Internasionale skoolstelsel: Finale skooluitslae van International Curriculum (Cambridge International, International Baccalaureate, ens.), insluitende School of Tomorrow.

Aansoeker wat die internasionale skoolstelsel volg, moet ook op die volgende let:

- Cambridge aansoekers moet ook hulle IGCSE of O vlak of GCSE sertifikaat insluit.
- Indien jy jou skoolloopbaan in 'n internasionale skoolstelsel afhandel, moet jy aan die vereistes van die Universiteit Suid-Afrika (USAf) vir Matrieklasievystelling voldoen vir daardie stelsel teen die tyd wat jy kom om te registreer.
- Om te bepaal of jy aan die vereistes voldoen/sal voldoen, sien asseblief: <http://mb.usaf.ac.za/> en kies die relevante land se inligting.
- Aansoekers wat die Amerikaanse skoolstelsel volg, moet veral let op die addisionele dokumente wat vereis word (<https://mb.usaf.ac.za/united-states-of-america/>).
- Dit is normaalweg slegs moontlik om vir 'n formele sertifikaat van Matrieklasievystelling aansoek te doen gedurende jou eerste jaar van registrasie, so dit is moontlik dat jy nie die sertifikaat beskikbaar sal hê wanneer jy hierna toe kom om vir die eerste keer te registreer

nie. Jy sal wel solank kan registreer – mits jy voldoen aan die vereistes vir Matrikulasievystelling.

Addisionele vakke of vakke wat herskryf is (alle skoolstelsels): Indien jy addisionele vakke voltooi het of vakke herskryf het (of jy is besig om vakke vanjaar te herskryf), sluit asseblief die vakke en punte in.

Huidiglik ingeskryf as eerstejaars student by 'n tersiêre instansie (uitsluitend Universiteit Stellenbosch-kwalifikasies):

- Finale skooleindeksamenuitslae (Sien “Voltooide finale skooljaar”)
- Bewys van registrasie vir huidige akademiese jaar en 'n lys van jou vakke

Huidiglik ingeskryf by 'n tersiêre instansie (uitsluitend Universiteit Stellenbosch-kwalifikasies):

- Finale skooleindeksamenuitslae (Sien “Voltooide finale skooljaar”)
- Bewys van registrasie vir huidige akademiese jaar en 'n lys van jou vakke
- Volledige akademiese rekord / transkrip vir elke akademiese jaar wat voltooi is, insluitende punte

Let daarop dat ons nie aanlyn uitslae van 'selfhelp portale' kan aanvaar nie.

Tersiêre kwalifikasies verwerf (uitsluitend Universiteit Stellenbosch-kwalifikasies):

Met finale skooleindeksamenuitslae ingesluit waar toepaslik

- Relevante **sertifikate** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, met punte ingesluit
- **Diploma(s)** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, met punte ingesluit
- **B-graad-sertifikaat/-sertifikate** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, punte ingesluit
- **Honneursgraadsertifikaat/-sertifikate** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, punte ingesluit
- **Magistergraadsertifikaat/-sertifikate** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, punte ingesluit (waar van toepassing)
- **Doktoralegraadsertifikaat/-sertifikate** PLUS volledige akademiese rekord vir elke jaar, punte ingesluit (waar van toepassing)

Indien jy 'n kwalifikasie buite die Suid-Afrikaanse Hoër Onderwysstelsel behaal het en jou finale graadsertifikaat nie beskikbaar is wanneer jy aansoek doen nie, voorsien ons asseblief met 'n amptelike bewys dat jy die kwalifikasie voltooi het. Let asseblief daarop dat die bewys van voltooiing nie ouer as vyf jaar mag wees, vanaf die datum waarop die graad toegeken was nie.

► **STAP 6: SKRYF DIE NASIONALE NORMTOETS (NNT'S)**

Die NNT is van toepassing op voornemende eerstejaar aansoekers aan die Universiteit Stellenbosch. Die US gebruik die Nasionale Normtoetse vir keuring en/of plasing. Vir meer inligting en/of bespreking om die NNT's te skryf, besoek asseblief www.nbt.ac.za of skakel 021 650 3523. Die tabel hieronder dui aan wie moet skryf en hoe fakulteite die NNT's sal gebruik:

Fakulteit of skoolstelsel	Wie moet skryf?	Hoe word die NNT-resultate vir keuring en/of plasing gebruik?
----------------------------------	------------------------	--

Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Alle eerstejaar aansoekers	Die NNT-uitslae word vir keuringsdoeleindes vir alle programme in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gebruik. Om vir hierdie programme oorweeg te word moet aansoekers die NNT's teen einde Junie op die laatste skryf.
Programme in Regsgeleerdheid	Alle eerstejaar aansoekers	Die NNT-uitslae word ook vir keuringsdoeleindes vir alle programme in Regsgeleerdheid gebruik. Dit sluit die volgende programme in: BA (Regsgeleerdheid), BComm (Regsgeleerdheid) en LLB (vierjarige program). Alle aansoekers moet die NNT's teen einde Junie skryf vir die Fakulteit Regsgeleerdheid om die uitslae in oorweging te neem in die opstel van hulle keuringslyste.
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Alle eerstejaar aansoekers met 'n gemiddelde aansoekpunt van tussen 60% en 69% (Lewensoriëntering uitgesluit)	Die NNT-uitslae word gebruik vir bykomende inligting rakende plasing in verlengde graadprogramme , asook vir die hantering van versoeke tov oorskakeling vanaf 'n verlengde graadprogram na 'n hoofstroomprogram.
Teologie	Alle eerstejaar aansoekers met 'n gemiddelde aansoekpunt van tussen 50% en 59% (Lewensoriëntering uitgesluit)	Aansoekers kan die NNT's skryf ter ondersteuning vir 'n plasing in die verlengde graadprogram .
Natuurwetenskappe	Alle eerstejaar aansoekers sal na registrasie die NNT's aan die begin van die akademiese jaar aflê.	<ul style="list-style-type: none"> • Die Fakulteit Natuurwetenskappe sal nie die NNT's vir keuring en platings in programme gebruik nie. Aansoekers hoef dus nie die NNT's in hul aansoekjaar te skryf nie. • Voorwaardelik toegelate voornemende aansoekers in die Fakulteit Natuurwetenskappe wat kwalifiseer om te registreer en nog nie die NNT's geskryf het nie, sal wel die NNT's tydens 'n sessie wat die Fakulteit op die US kampus sal skeduleer aan die begin van die akademiese jaar. • Die Fakulteit sal die uitslae gebruik om eerstejaars in akademiese ondersteuningsgroepe te deel.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Alle eerstejaar aansoekers met 'n gemiddelde aansoekpunt van tussen 60% en 69% (Lewensoriëntering uitgesluit) en/of met 'n Wiskundepunt van tussen 50% en 59%	Die NNT-uitslae word gebruik vir bykomende inligting om voorwaardelike toelating tot programme te bied.
Agriwetenskappe	Alle eerstejaar aansoekers	Die NNT-uitslae word gebruik vir bykomende inligting rakende plasing in verlengde graadprogramme , asook vir die hantering van versoeke tov oorskakeling vanaf 'n verlengde graadprogram na 'n hoofstroomprogram.
Ingenieurswese	Alle eerstejaar aansoekers	Die NNT-uitslae word gebruik vir bykomende inligting in grensgeval aansoeke vir hoofstroom- of verlengde graadprogramme.
Opvoedkunde	Nie van toepassing	Daar word nie vereis dat aansoekers vir 'n program in die Fakulteit Opvoedkunde die NNTs hoof te skryf nie.
School of Tomorrow (alle fakulteite)	Alle eerstejaar aansoekers	Alle School of Tomorrow kandidate moet die NNT's skryf. Die NNT-uitslae sal gebruik word vir die keuring en plasing van School of Tomorrow kandidate.

► STAP 7: Monitor jou aansoekstatus

Sodra jy die aansoekstappe suksesvol voltooi het en jy jou erkenning van ontvangs van aansoek van die Toelatingskantoor ontvang het, is jou aansoek gereed om oorweeg te word vir toelating. Gebruik jou gebruikersnaam (studentenommer) en amptelike SUN-wagwoord om aan te teken en monitor **jou aansoekstatus** by **www.maties.com**. Hou in gedagte dat daar 'n boodskap op jou aansoekstatus kan wees om addisionele dokumente te versoek.

Indien jy nog nie jou graad 12-eindeksamen afgelê het nie, sal jou finale graad 11-eindeksamenpunte gebruik sal word om te bepaal of jy voorwaardelik tot 'n program toegelaat sal word. Voorwaardelike toelating beteken dat jy toegelaat word op voorwaarde dat jou NSS resultate aan die minimum vereistes vir die Universiteit en ook die minimum toelating- en keuringsvereistes vir die program waarvoor jy aansoek gedoen het, voldoen. Eers dan kan jou toelating gefinaliseer word.

AS JY HULP OF INLIGTING NODIG HET

Indien jy hulp met jou aansoek nodig het, of meer inligting benodig, kontak gerus die Universiteit Stellenbosch by 021 808 9111, rig 'n e-pos aan info@sun.ac.za.